Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Hoe sien ons Christus raak vandag?"

Skriflesing: Matteus 11:1-11

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Broodjies vir die pad

"Only for today, I will devote ten minutes to some good reading, for good reading is necessary to the life of the soul."
— Peter John Cameron, Magnificat Year of Mercy Companion

"They say a person needs just three things to be truly happy in this world: someone to love, something to do, and something to hope for."
— Tom Bodett

◆◆◆

'n Veelsielige digter

De Waal Venter

Die vier grootste Portugese, en ook Europese digters in die moderne tyd is Fernando Pessoa. So word daar op 'n half speelse wyse gepraat van hierdie digter wat in Durban sy skoolopleiding gehad het. In 1905 het hy na Lissabon verhuis waar hy die res van sy lewe geslyt het. Hy is in 1888 gebore en het in 1935 gesterf.

Die stelling dat hy die vier grootste digters is, berus op die besonderse manier wat Pessoa gehad het om fiktiewe "digters" te skep wat elkeen sy eie persoonlikheid gehad het en 'n eie skryfstyl wat heeltemal van die ander "digters" verskil het. Pessoa het hulle "heteronieme" genoem. Hy het gesê dat 'n pseudoniem 'n vals naam is wat 'n digter gebruik om sy of haar werk bekend te stel. 'n Heteroniem kan vertaal word as "ander naam". Pessoa het ander "digters" met ander name geskep.

Die bekendste heteronieme was Ricardo Reis, Alberto Caeiro en Álvaro de Campos. Saam met Pessoa was hierdie groep dan die "grootste Portugese digter". Mens sidder eintlik om te dink dat Pessoa meer as sewentig sulke heteronieme geskep het! Die ander het egter werk van mindere belang gelewer.

Kom ons kyk na hierdie vier "digters" se werk. Eerstens die vlees-en-bloed digter, Fernando Pessoa self. Sy gedig "Ek weet nie hoeveel siele ek het nie" is baie beskrywend van die soort mens wat hy was.

[…]

Ek weet nie hoeveel siele ek het nie.

Fernando Pessoa

Ek weet nie hoeveel siele ek het nie.
Ek verander elke oomblik.
Ek voel voortdurend vreemd.
Ek het myself nog nooit gesien of gevind nie.
Vanaf soveel te wees, het ek net siel.
Hy wat 'n siel het, het nie kalmte nie.
Hy wat sien is net wat hy sien.
Hy wat voel is nie wie hy is nie.
Oplettend na wat ek is en sien,
word ek hulle en is nie meer ek nie.
Elkeen van my drome en begeertes
kom uit hulleself, nie van my nie.
Ek is my eie landskap.
Ek bekyk my eie reis,
verskillend, bewegend en alleen.
Ek kan myself nie voel hier waar ek is nie.
Dis waarom ek, as 'n vreemdeling
my wese lees asof dit bladsye is.
Ek weet nie wat gaan gebeur nie,
en vergeet wat gebeur het.
Ek merk in die kantlyn van my leeswerk
wat ek gedink het ek voel.
Met die herlees wonder ek: "Was dit ek?"
God weet, want hy het dit geskryf.

[…]

http://versindaba.co.za/2016/12/07/n-veelsielige-digter-de-waal-venter/

◆◆◆

"Laughter is wine for the soul - laughter soft, or loud and deep, tinged through with seriousness - the hilarious declaration made by man that life is worth living."
— Seán O'Casey

"Therefore, dear Sir, love your solitude and try to sing out with the pain it causes you. For those who are near you are far away... and this shows that the space around you is beginning to grow vast.... be happy about your growth, in which of course you can't take anyone with you, and be gentle with those who

stay behind; be confident and calm in front of them and don't torment them with your doubts and don't frighten them with your faith or joy, which they wouldn't be able to comprehend. Seek out some simple and true feeling of what you have in common with them, which doesn't necessarily have to alter when you yourself change again and again; when you see them, love life in a form that is not your own and be indulgent toward those who are growing old, who are afraid of the aloneness that you trust.... and don't expect any understanding; but believe in a love that is being stored up for you like an inheritance, and have faith that in this love there is a strength and a blessing so large that you can travel as far as you wish without having to step outside it."

— Rainer Maria Rilke, Letters to a Young Poet

"There are moments when i wish i could roll back the clock and take all the sadness away, but i have a feeling that if i did, the joy would be gone as well. So i take the memories as they come, accepting them all, letting them guide me whenever i can."

— Nicholas Sparks, Dear John

"Joy is the infallible sign of the presence of God."

— Pierre Teilhard de Chardin

"Do not ask your children
to strive for extraordinary lives.
Such striving may seem admirable,
but it is the way of foolishness.
Help them instead to find the wonder
and the marvel of an ordinary life.
Show them the joy of tasting
tomatoes, apples and pears.
Show them how to cry
when pets and people die.
Show them the infinite pleasure
in the touch of a hand.
And make the ordinary come alive for them.
The extraordinary will take care of itself."

— William Martin, The Parent's Tao Te Ching: Ancient Advice for Modern Parents

Brood vir die pad

Oor stil wees

Onlangs praat Katie Couric tydens 'n gradeplegtigheid. Sy is 'n gróót naam in Amerika – as alombekende nuusleser, maar ook vanweë vrywillige werk teen kanker. Sy waarsku dat ons dalk die wêreld van ons dag – ook van sosiale media – kan wen, maar aan ons siel skade ly.

Hulle groot bedreiging daar is distraction, sê sy, die wyse waarop ons gejaagde lewe en vele kontakte ons aandag bly aflei van groter vrae en groter sake.

Ons word as't ware só gelewe – deur druk van buite en die mening van ander – dat ons soms nie regtig self meer lewe nie. Nie meer dink, keuses maak, drome nastreef, ons aan iets groters wy nie. Al dié aandagafleiers hou ons te besig.

Ons kry skaars tyd vir wonder wie ons eintlik is en wil wees, sê sy, vir nadink oor goed en reg. Ons bly té afhanklik van goedkeuring van buite, ander se dunk van ons, hulle aandag, belangstelling, regverdiging, saamstem, notisie.

Ons word produkte van eksterne druk, soek onophoudelik bolangse verbintenisse, ly aan kollektiewe aandagafleibaarheid.

Dis dalk 'n tydige woord. Dis immers weer vir vele die tyd vir vakansie, hopelik rustiger dae, straks afskakel. Vir gesin, familie, vriende. Geniet van die somerse seisoen, stemming van die feestyd, beloftes van Advent.

Dalk is dit ook 'n goeie tyd om 'n slag van al dié aanhoudende afleiding weg te kom, dié onophoudelike gedruis effe uit te doof, dié openbare druk te ontglip? Vir stil wees en inkeer? Nadink oor wie ons eintlik is en wil wees en aan't word is? Vra of dit inderdaad ons pad vorentoe is, of dalk oomblikke vir halt roep – en omkeer? Vir nuwe voorneme oor onsself – oor goed en reg en van waarde?

Dalk byna soos die heel eerste figuur in die Adventsverhale? As Josef hoor Maria is swanger – nuus vir hom! – neem hy hom immers voor om haar nie (volgens geldende reg) te beskuldig en tot openbare skande te maak nie.

Hy maak dié voorneme, sê Matteus (1:18-21), omdat hy regverdig was, 'n goeie mens, onwillig om haar enige kwaad aan te doen. As hy in sy enigheid dié stille plan beraam om te doen wat goed en reg is in sy oë, ongeag openbare verwagting en druk, probeer doen hy tog oënskynlik – op destydse manier – juis waartoe Couric haar gehoor vandag oproep?

Stil word en tot homself kom? Die geraas rondom uitdoof, nie bloot reageer op wat ander sê en almal doen nie? Vra wie hý is – en wat die regte ding is om nóú te doen? – DJS

http://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/kommentaar-oor-stil-wees-en-ons-voorneem-wat-goed-en-reg-20161126

◆◆◆

"That it will never come again is what makes life sweet. Dwell in possibility. Find ecstasy in life; the mere sense of living is joy enough."

— Emily Dickinson

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877